

18 Januarie

Romeine 6:1 -14

Nogeens 'n nuwe lewe!

Party mense redeneer mos so, nie waar nie? "Ons kan maar aanhou sonde doen, sodat die genade meer en meer kan word. God is mos 'n God van liefde; Hy sal mos weer en weer vergewe." Dit is waar. God is 'n God van liefde, maar dit is nie al nie. 'n Kind van God, wat in Jesus Christus verlos is, is 'n NUWE MENS. Hy het saam met Jesus Christus die ou bedeling van ongehoorsaamheid afgesterwe en is saam met Jesus Christus in 'n nuwe lewe opgewek. Hulle wat in God se genade aan Jesus Christus deelgekry het, is dus DOOD vir die sonde en LEWEND vir God! Hy het mos sy Heilige Gees met Pinkster uitgestort om lewe in dooie sondaarsharte te verwek.

Dit het sekerlik belangrike implikasies vir ons lewens in hierdie sondige wêreld. Die sonde mag nie meer deur al sy bose begeertes in ons lewens regeer nie. Geen deel van ons liggame (hande, voete, denke, tonge, ens.) mag nou meer aan die sonde uitgeleen word nie.

Nee, elke deel van ons liggaamlike bestaan in hierdie wêreld moet tot God se beskikking gestel word, om sy wil vir ons lewens te doen. Daarom moet ons uiters versigtig lewe, want die Bose sal sekerlik probeer om ons in elke opsig te probeer verstrik. Ons gebed moet deurentyd die woorde van Psalm 19:7 (berymd) wees:

Bewaar my van die kwaad
dat ek met trotse daad, U heil'ge wil weerstreef.
Laat nie die sonde my oorheers,
dan sal ek vry van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, my hart se diepste grond,
o Heer op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees, wat in my hart kan lees.
my Rots op wie 'k gebou het

Sing Psalm 19:6 en 7

Ds. I.W. Ferreira (Wonderboompoort)